



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N370(A)(N27)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

EKONOMIE N5

(22020095)

27 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
EKONOMIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal gemerk word. Trek 'n lyn deur AL die werk wat jy NIE nagesien wil hê nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.
 2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
 3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
 4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
 5. Rond ALLE berekeninge tot TWEE desimale af.
 6. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Mnr Pravin Gordhan het tydens sy 2017-begrotingstoespraak aangekondig dat werknemers wat meer as R1 miljoen verdien, 45% belasting moet betaal.

Hierdie is 'n voorbeeld van ...

- A regressiewe belasting.
- B progressiewe belasting.
- C proporsionele belasting.
- D trefwydte van belasting.

1.1.2 Die fiskale beleid behels ...

- A die wisselkoers van Suid-Afrika.
- B die finansiële beleid van die Staat.
- C die verskaffing van geld in 'n land.
- D beheer oor staatsinkomste en –uitgawe.

1.1.3 Indien daar 'n arbeidstekort in die mark is, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die ...

- A prys laer is as die ewewigsposisie.
- B hoeveelheid wat geëis word afgeneem het.
- C prys hoër as die ewewigsposisie is.
- D aanbod die aanvraag oorskry.

1.1.4 Die grootste bydraer tot nasionale inkomste is ...

- A persoonlike dienste.
- B sosiale dienste.
- C die konstruksiebedryf.
- D die vervaardigingsbedryf.

1.1.5 ... speel/speel nie 'n rol in ekonomiese prosesse in 'n geslote ekonomie nie.

- A Huishoudings
- B Die buitelandse sektor
- C Die besigheidsektor
- D Die regering

1.1.6 Die posisie van daardie arbeiders wat hulself tydelik tussen poste bevind, word na as ... werkloosheid verwys.

- A sikliese
- B seisoenale
- C wrywings-
- D strukturele

1.1.7 Die grootste komponent van BBP van die uitgawebenadering is ...

- A privaatverbruikuitgawe.
- B binnelandse belegging.
- C oordragbetaling.
- D regeringsaankope.

1.1.8 Die maatreël wat deur die regering afgedwing word om die waarde van sy monetêre eenheid in terme van goud of ander geldeenhede af te dwing:

- A Devaluasie
- B Depresiasie
- C Herwaardasie
- D Waardering

1.1.9 Watter EEN van die volgende is 'n eienskap van 'n ontwikkelende ekonomie?

- A Lae geboortesyfer
- B Hoë produktiwiteit
- C Hoë afhanklikheid van primêre nywerhede
- D Goeie infrastruktuur

1.1.10 'n Positiewe gevolg van inflasie is dat dit ...

- A krediteure bevoordeel.
- B inflasie verbeter.
- C debiteure bevoordeel.
- D verhoog slegs die pryse van goedere van hoë verdieners.

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Kollektiewe bedinging tussen arbeid en bestuur is die hoofmiddel om konflik te bestuur.

1.2.2 Indien aanvraag na arbeid toeneem, neig ewewig om toe te neem.

- 1.2.3 Een van die nadele van regstellende aksie, is om persone wat minder gekwalifiseer is, in posisies te plaas.
- 1.2.4 Ten einde die BBP na die BNP om te skakel, moet die primêre inkomste van die res van die wêreld afgetrek word.
- 1.2.5 Mikro-ekonomie is die studie van aggregate in die ekonomie.
- 1.2.6 Nasionale inkomste kan slegs deur die markwaarde van intermediêre goedere bepaal word.
- 1.2.7 Die ekonomiese vordering van Suid-Afrika, kan met dié van Japan vergelyk word deur 'n studie van die algemene prysvlak te doen.
- 1.2.8 Ouderdomspensioene is 'n voorbeeld van oordragbetalings.
- 1.2.9 Die studie van die rol van die staat in ekonomie is as monetêre ekonomie bekend.
- 1.2.10 Die doeltreffendste manier om produktiwiteit te verhoog, is om die werkloosheidskoers te verhoog.
- (10 × 2) (20)

1.3 Gee een term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

- 1.3.1 Die bevolkingskonsentrasie in die stede.
- 1.3.2 Kom voor in die begroting wanneer die staat se uitgawes die inkomste oorskry.
- 1.3.3 Inflasie word gekenmerk deur 'n matige inflasiekoers oor 'n relatiewe lang periode wat teen 'n relatiewe spoed vorentoe beweeg.
- 1.3.4 Wanneer werkloosheid gemeet word, word sekere vrae ingesluit om die ekonomiese status van die land se bevolking te bepaal.
- 1.3.5 Die deel van die individu se geldbalans wat die individu nie nodig het om in die verloop van herhalende transaksies te gebruik nie.
- (5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Kies 'n korrekte woord of woorde van dié wat in hakies gegee word. skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Wanneer ekonomiese groei plaasvind, verhoog (per capita inkomste/inflasiekoers).

2.1.2 Nasionale inkomste kan slegs deur die markwaarde van (afgewerkte goedere/intermediêre goedere) bepaal word.

2.1.3 (Ekonomiese groei/Produktiwiteit) is die proses waardeur produktiewe kapasiteit van die ekonomie oor tyd toeneem sodat daar 'n verhoging in die vlak van nasionale inkomste is.

2.1.4 Die bruto nasionale produk verwys na nasionale produksie (binne die grense van 'n land/deur landsburgers).

2.1.5 (Toegevoegde waarde/Dubbeltelling) is die somtotaal van die bydrae van elke produksiefaktor in die proses van goedereproduksie en dienste.

(5 × 2) (10)

2.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

WERK EFFEKTIEF MET VAKBONDE

Alhoewel vakbonde na die belange van hul lede omsien, erken hul ook die voordele daaraan verbonde om in vennootskap met werkgewers saam te werk. Dit is omdat 'n suksesvolle, winsgewende goed vir werkers is en dus goed vir die unie en sy lede. 'n Werkgewer en 'n erkende vakbond het interaksie op verskeie maniere in die werkplek.

nibusinessinfo.co.uk

2.2.1 Definieer die term *vakbond*. (3)

2.2.2 Bespreek die doelwitte van 'n vakbond. (6)

2.2.3 Differensieer tussen *industriële howe* en *industriële rade*. (2 × 2) (4)

2.3 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

XY BELÊ IN 'N BELASTINGVRYE PLAN

Veronderstel die gemoedsrus wat met 'n belegging saam gaan wat jou toelaat om vir jou drome en doelwitte te spaar, enige tyd toegang aan jou geld gee en aan jou betalingsbuigsaamheid sonder boetes gee. 'n Belastingvrye spaarrekening in Suid-Afrika is 'n belegging waar jy jou volle beleggingsopbrengs kry sonder om op enige van die groei wat jy verdien het belas word nie.

2.3.1 Definieer die term *spaargeld* in 'n ekonomiese sin. (2)

2.3.2 Bespreek DRIE motiewe vir spaargeld en verskaf 'n voorbeeld van elk. (3 × 3) (9)

2.4 'Ten spyte van 'n hoër marginale inkomstebelastingkoers van 45% wat op belasbare inkomste oor R1.5m ingestel is, het die nasionale begroting fiskale omsigtigheid behou.'

Beantwoord die vrae in die lig van die bostaande stelling.

2.4.1 Definieer die term *begroting*. (3)

2.4.2 Differensieer tussen *direkte* en *indirekte belasting* en gee voorbeelde van elk. (6)

2.4.3 Pravin Gordhan het in sy begrotingstoespraak aangekondig dat daar 'n verhoging in sondebelasting ('sin tax') sal wees.

2.4.3.1 Beskryf kortliks wat sondebelasting is en gee 'n voorbeeld daarvan. (3)

2.4.3.2 Wat is die ekonomiese rede vir 'n verhoging in sondebelasting? (2)

2.4.4 'n Finansiële jaar begin elke jaar op 1 Februarie tot 31 Januarie. WAAR/ONWAAR? (2)

[50]

VRAAG 3

3.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

SUID-AFRIKA SE RENTEKOERS VANAF 1998 TOT 2017

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het soos algemeen verwag, sy maatstafuitleenkoers op 7% tydens sy vergadering op 21 Julie gehou. Beleidmakers het gesê dat inflasie na verwagting verder die jaar sou versnel en dat die ekonomie 'n swak herstel sou hê ten spyte van die vermindering in die eerste kwartaal.

www.tradingeconomics.com/south-africa/interest-rates

3.1.1 Definieer *rente*. (2)

3.1.2 Verduidelik, met behulp van 'n grafiek, wat met die rentekoers gebeur, indien die geldtoevoer toeneem. (10)

3.1.3 Ten einde die aanvraag vir geld te minder, moet 'n monetêre beleidskomitee, die rentekoers (verhoog/verlaag). (2)

3.2 Bespreek kortliks Suid-Afrikaanse arbeidsprobleme. (12)

3.3 Die onderstaande tabel toon berekeninge met betrekking tot BBP volgens die inkomstemetode. Gebruik die inligting om die vrae te beantwoord.

Tabel 2

Berekening van BBP (bn)

Vergoeding van werknemers	943.00
Netto bedryfsurplus	844.00
Verbruik van vaste kapitaal	355.00
Bruto waarde(A)	2 142.00
Belastings op produksie	45.00
Subsidies op produksie	16.00
Bruto waarde toegevoeg op basiese pryse	(B)
Op produkte	332.00
Subsidies op produksie	(16.00)
.....(C)	2 487.00
Primêre inkomste van die res van die wêreld	56.00
Primêre inkomste aan die res van die wêreld	208.00
BNP teen markprys	2 335.00

3.3.1 Benoem A en C. (4)

3.3.2 Bereken die waarde van B. (4)

3.3.3 Noem enige DRIE gebruike van die per capita inkomste syfers. (6)

3.4 3.4.1 Verduidelik kortliks die term: *internasionale handel*. (2)

3.4.2 Gee enige VIER redes vir die bestaan van internasionale handel. (8)

(4 × 2)

[50]

VRAAG 4

- 4.1 Die onderstaande tabel verteenwoordig die gemiddelde inflasiekoerse in Suid-Afrika per jaar.

Gebruik die inligting om die vrae te beantwoord.

Tabel 1: Gemiddelde inflasie Suid-Afrika (VPI) – volgens jaar

AVERAGE INFLATION	JAAR	INFLASIEKOERS (%)
VPI Suid-Afrika	2016	6.59
VPI Suid-Afrika	2015	4.51
VPI Suid-Afrika	2014	6.12
VPI Suid-Afrika	2013	5.77

- 4.1.1 Definieer die term *inflasie*. (3)
- 4.1.2 Bereken die gemiddelde inflasiekoers tussen 2013 en 2016. Toon AL die berekening. (4)
- 4.1.3 In die prys van meliemeel in 2015 R69,99 was, bereken die prys wat vir dieselfde produk in 2016 gevra is. Toon AL die berekening. (4)
- 4.1.4 Waarvoor staan die afkorting VPI? (1)
- 4.2 Noem VYF faktore wat ekonomiese groei beïnvloed. (5 × 2) (10)
- 4.3 Die wisselkoers het 'n uitwerking op die handelsurplus (of tekort), wat op sy beurt, die wisselkoers affekteer. Oor die algemeen stimuleer 'n swakker binnelandse wisselkoers uitvoere en maak invoere duurder. Beantwoord die vrae in die lig van hierdie stelling.
- 4.3.1 Definieer die term *wisselkoers*. (2)
- 4.3.2 Gee die geldeenhede van elk van die volgende lande:
- 4.3.2.1 Suid-Afrika
- 4.3.2.2 Amerika
- 4.3.2.3 Brasilië (3 × 1) (3)
- 4.4 Bespreek elk van die volgende fiskale beleidsinstrumente:
- 4.4.1 Inkomstebeleid (4)
- 4.4.2 Inleggingsbeleid (4)
- 4.5 Onderskei tussen *belastingverskuiwing* en *belastingvermyding*. (4)
- 4.6 Waarvoor staan die afkorting HOP? (1)
- 4.7 Noem VYF oorsake van werkloosheid. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Definieer die term *ekonomiese siklus*. (3)

5.1.2 Beskryf kortliks die rol van huishoudings, besighede, regering en die buitelandse sektor met betrekking tot 'n ekonomiese siklus. (12)

5.2 Onderskei tussen *stagflasie* en *hiperinflasie*. (4)

5.3 Die onderstaande inligting het betrekking op die aanvraag en aanbod van arbeid. Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae.

LOON (W)	ARBEIDAANVRAAG (LD)	ARBEIDAANBOD (LS)
R1 000	150	80
R1 500	120	90
R1 800	100	100
R2 100	80	110
R2 400	70	120

5.3.1 Wat is die ewewigprys en hoeveelheid?

5.3.2 Is daar 'n (tekort/surplus) van arbeid teen die loontarief van R2 100?

5.3.3 Toon ALLE berekeninge om jou antwoord vir VRAAG 5.3.2. te ondersteun.

(3 × 2) (6)

5.4 Verduidelik kortliks die volgende probleme wat ervaar word wanneer nasionale inkomste bereken word:

5.4.1 Oordragbetaling

5.4.2 Dienste nie ingesluit nie

(2 × 2) (4)

- 5.5 Gebruik die inligting met betrekking tot Balans van Betalings en beantwoord die vrae.

Internasionale Handelsbalanse (2012 Syfers)

Syfers in miljarde

(bn)

Uitvoer van goedere	1 530.00
Invoer van goedere	1 810.00
Onsigbare kwitansies	770.00
Onsigbare betalings	160.00
Lenings aan buitelandse regering	90.00
Oorsese beleggings	130.00
Netto gouduitvoere	120.00
Beleggings deur buitelanders	140.00
Byvoegings tot korttermynbalanse	90.00

- 5.5.1 Bereken die handelsbalans. (4)
- 5.5.2 Bereken die balans op die lopende rekening. Calculate the balance on the current account. (4)
- 5.5.3 Weens klimaatsverandering in Suid-Afrika is die meeste landbouprodukte vanaf ander lande ingevoer.
Watter uitwerking het dit op Suid-Afrika se betalingsbalans gehad? (2)
- 5.6 Die poskantoor word as een van die finansiële instellings in Suid-Afrika beskou. WAAR/ONWAAR? (1)
- 5.7 Onderskei tussen die volgende:
- 5.7.1 *Geldlone en reële lone* (4)
- 5.7.2 *Standaard loon en standaard tyd* (4)
- 5.8 Verduidelik kortliks die konsep agter die *Wet op Gelyke Indiensneming*. (2)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200